# Laurika: nagmens en 'showgirl'

## *Sy wil ander kunstenaars nou help*

**Marguerite Robinson**

LAURIKA RAUCH sê sy is 'n nagmens. En die feit dat sy op die oomblik hier net ná vyf soggens opstaan, maak geen verskil daaraan nie. Dié dat daar kwalik 'n beter naam kan wees as *Laurika after dark* vir haar nuwe vertoning wat vanaand open.

Die hele storie oor hoe dit gekom het dat sy nou ten einde laaste besef het sy is 'n nagmens, gaan oor 'n fotosessie wat sy met 'n fotograaf gereël het.

Met jong kinders – aan albei kante – het hulle maar besluit om mekaar een aand ná agt in 'n ateljee te ontmoet. "Ek het die middag vyfuur begin regmaak soos vir 'n vertoning – gebad, my hare gewas, gegrimeer, my kostuums uitgehaal en myself behoorlik ingestel op die fotosessie. Ek het selfs voorberei deur aan 'n paar idees te dink.

"Ek het daar aangekom en ons het vir drie ure onophoudelik geskiet. Dit het ongelooflik gewerk. Ek het agterna besef ons moet nooit weer vóór saans agtuur 'n fotosessie hê nie. Ons moet dit beskou as 'n vertoning. Toe besef ek, ek is eintlik maar net 'n *showgirl*. Ek is op my beste saans ná ses."

Dit is juis miskien in dié beskrywing – dat sy 'n *showgirl* is – wat iets van die wese van Laurika Rauch opgesluit is. Dít wat sy bereid is om in 'n gesprek te wys of te vertel is dikwels maar skraps en gewoonlike versigtig gekies vergeleke met die ware *showgirl* wat sy is as sy op die verhoog klim.

Sy wil nie op loop gaan met stories oor haar drome en wense nie. Dit is vir haar iets persoonliks wat dalk net momentum kan verloor as dit hardop uitgespreek word vir almal wat ore het om te hoor.

Maar wanneer dit kom by haar liefde vir die verhoog, erken sy onbeskaamd: "Ek is 'n natuurlike verhoogkunstenaar – ek is daarvoor in die wieg gelê. Gee my 'n lig, 'n mikrofoon en 'n wonderlike pianis en alles is reg. En natuurlik 'n gehoor."

*'Gee my 'n lig, 'n mikrofoon en 'n wonderlike pianis en alles is reg. En natuurlik 'n gehoor.'*

En gehore wat na Rauch wil luister, is talryk. Soveel so dat sy nie meer kon byhou nie met al die administratiewe verpligtinge van haar loopbaan wat sy die afgelope sowat drie jaar self hanteer.

Dié dat Laurika Rauch-Produksies, haar eie beslote korporasie, gebore is met 'n sekretaresse en 'n afsonderlike telefoonnommer en fakslyn.

"Aanvanklik is die doel om net my eie vertonings te hanteer, want daar is gelukkig genoeg om my mee besig te hou.

"Maar natuurlik sal ek ook my vlerke wil sprei en ander dinge wil aanpak met Laurika Rauch-Produksies. Soos om my belangstellings, vermoëens en talente in te span om ander kunstenaars 'n kans te gee. Iets wat ek in die laaste tyd op my stil manier al gedoen het," sê sy skertsend.

Maar vir eers is al haar energie gefokus op *Laurika after dark*, wat vanaand by After Dark in Pretoria open. "Dit gaan nie 'n 'nuwe' vertoning wees nie, maar weens die aard van After Dark en sy gehore bied dit my tog die geleentheid om plek-plek uit my gewone sfeer te beweeg en nie net op my treffers te fokus nie."

In *Laurika after dark* kombineer sy die oue en die nuwe. Sy is veral opgewonde oor die boudoirvleuelklavier wat die eienaar, Marius de Klerk, spesiaal vir die drie weke beskikbaar stel. Iets wat die stelinkleding van Marcia Vermaak en die uitsonderlike spel van die pianis David Taljaard net die finale afronding gaan gee. 'n Regisseur met wie sy goed saamgewerk het aan koöperatiewe video's, Sonja Roets, is die regisseur. Hardus Koekemoer is die beligtingsman.

● Die speelvak van *Laurika after dark* duur tot 4 Desember.

Laurika Rauch wil nie op loop gaan met stories oor haar drome en wense nie. Dit is vir haar iets persoonliks wat dalk net momentum kan verloor as dit hardop uitgespreek word vir almal wat ore het om te hoor.